GEBEDSBRIEF

WONDERBOOM Ned. Geref. Gemeente

22 Februarie 2015

WEBTUISTE: www.ngkwonderboom.co.za

Hartlik welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Kom geniet na die oggenddiens koffie en tee in die binnehof en deel so in mekaar se lief en leed. Geluk aan elkeen wat die afgelope of komende week verjaar (het)! Ons ontmoet graag die **nuwe intrekkers** na die erediens voor die kansel. Ons verwelkom graag vir Mario & Mariaan asook klein Mika Linde, Mercia Kotze en JP Rood as nuwe lidmate.

E R E D I E N S T E

Bid asseblief dat ons eredienste ware ontmoetings met die lewende God sal wees!

LERAAR	TEMA	TEKS
Dr Nelius Steyn 09:00	Swaarkry: Seën of straf?	1 Petrus 4:13 "Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid."
09:00	Soetdoring	
Dr Nelius Steyn 18:00	Eet die brood van die Lewe! *Aandnagmaal*	Johannes 6:35 'Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.'

Ons dank die Here vir Anchen de Jager wat aangebied het om in die plek van Daleen

Heymans, wat uitree, **voorsitter van die Vrouebelange** te wees. Groot dank aan Daleen vir haar toewyding en sterkte aan Anchen vir hierdie groot taak!

KATEGESE:

Die Junior Kategese kom almal na die oggenddiens in die Bo-vertrek bymekaar. Die Senior Kategese en Belydenisklas is om 18:00 in die Kerkgebou saam met die Aandbyeenkoms.

Senior Koor

Kooroefening vind plaas Dinsdag 24 Februarie om 16:00 by Soetdoring in die saal. Nuwe lede is welkom.

Omgeegroepe

Omgeegroepmateriaal is beskikbaar by die deure. Dit kan ook vir *persoonlike stiltetyd* gebruik word.

Vergaderings:

Bid vir ons Kerkraadsvergadering Maandag 23 Februarie om 19:00

Woordgroei

Donderdag 26 Februarie om 19:00 in die Kameel. Almal is welkom.

SORG VIR MEKAAR

GEBEDSVERSOEKE

Skakel / sms asseblief die genoemde persone en bemoedig hulle en bid vir hulle.

Skakel asseblief enige inligting oor gemeentelede deur na die kerkkantoor (082 651 6073) of (082 829 2062) vir plasing.

Siekes

Rina du Toit, Erika Mynhardt, Tom Fürstenburg (082 703 1022), Henry van Niekerk (072 634 0874), Madge Bekker, Ria de Lange, Yvonne de Waal, Tiny Schade, Sheila van Jaarsveld, Magriet Meyer, Anne Redelinghuys, Marié Waldeck, Raaitjie Meyer en Schoeman van der Walt (Soetdoring).

Beterskap:

Danie Steyn (083 231 6457)

Bedroefdes:

Ons bid vir Petro (083 377 2030) en Gerhard van Niekerk en hulle familie met die afsterwe van oom Gerrie van Niekerk.

Wêreldbiddag vir Vroue:

Op 6 Maart vier ons landwyd die Wêreldbiddag vir vroue. Hierdie jaar se byeenkoms in ons gebied vind plaas te NG Magalieskruin, Joycelaan 150 om 10:00. Bring asseblief u vriendinne van ander denominasies asook u huishulpe saam. Vir meer inligting kontak die Dottie Botha 012 548 0863 of 083 458 8154.

† Bid vir gemeentes in Egipte en ander lande waar Christene swaar ly onder felle vervolging.

† Bid vir reën – vir uitkoms in gebiede van ons land waar dit bitter droog is.

Wonderboom vier Lydenstyd!

Laas Sondag was die eerste van **sewe Lydenssondae** voor Goeie Vrydag en word ook Verheerlikingsondag genoem. Ons word herinner daaraan dat die Een wat gekom het om te ly en te sterf aan die offerhout, ook die Koning van die heelal is. Die afgelope Woensdag 18 Februarie was Aswoensdag. Die dieptepunt van Lydenstyd word tydens Palmsondag (29 Mrt), die Groot Lydensweek (30 Mrt - 3 Apr), Goeie Vrydag (3 Apr) en natuurlik Opstandingsondag en Paasfees op 5 April bereik.

Lydenstyd *strek vanaf Aswoensdag (sewende Woensdag voor Paassondag) tot en met Stil Saterdag, die dag voor Opstandingsondag. Indien die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, duur hierdie tydperk 40 dae, dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het. Lydenstyd is noodsaaklike voorbereiding vir die viering van Paasfees. Ons kan nie iets van die werklike betekenis van Jesus se opstanding peil as ons nie onsself herinner aan sy lyding wat dit voorafgegaan het nie!*

Lydenstyd word *daarom* gekenmerk deur verootmoediging, gebed, vas en die versorging van armes. In Lydenstyd herdenk ons die tyd van Jesus se voorbereiding vir sy bediening waartydens Hy verskeie versoekings weerstaan het. Dit is die voorbereiding en aanloop tot die viering van Christus se verlossingswerk aan die kruis en die nuwe lewe wat deur sy opstanding moontlik gemaak is.

Lydenstyd *roep Christene op tot introspeksie, selfondersoek en bekering. Daarom word Lydenstyd gesien as 'n tyd van gestrooptheid en eenvoud waar elke gelowige op jou persoonlike verhouding met God fokus. Dit is ook die tyd waarin ons terugdink aan ons eie doop wat Jesus se afwassing van ons sonde deur sy kruisdood en die nuwe lewe wat Hy aan ons skenk in en deur sy opstanding simboliseer.*

Die kleur in **Lydenstyd** is pers – die kleur van lyding, maar daar is dae waarop ’n ander kleur gebruik word. Op Palmsondag en die Groot Lydensweek is die kleur dieprooi, op Donderdag voor Goeie Vrydag is dit wit. Aswoensdag se kleur is grys en op Goeie Vrydag word swart of grys gebruik, of geen kleur nie, met net die natuurlike en aardse kleure van die hout en/of steen wat oorheers. Die simbool van lydenstyd is hoofsaaklik die kruis - en wat met die kruisiging gepaard gaan, nl. die spykers ens. Die doel met die viering van die Groot Lydensweek is om baie diep onder die indruk van Jesus se lyding te kom sodat ons met soveel meer oorgawe die vreugde van Jesus se opstanding kan smaak.

Mag jy ‘n geestelike diep en ryk <u>Lydenstyd</u> beleef!!!

Ons jaarlikse **Gholfdag** vind plaas op 23 Julie 2015 te Akasia Buiteklub. Ons is op soek na borge en pryse asook mense om te help op die dag. Die kostes beloop R 1 400 per 4-bal en R 2 500 per 4-bal plus 'n putjie-borg. Indien 'n putjie-borg geneem word, moet die putjie ook beman word vir die dag. Ons is op soek na 4 mense uit die gemeente wat gholf speel aangesien ons 'n span wil inskryf. Vir inskrywings of enige inligting kontak An-Marie (082 940 7768) of André (082 321 3439).

Wilds-wors	Die heerlikste wildswors te koop teen R35 vir ‘n pak van +- 750g. Jy sal nie spyt wees nie.	Loy 082 923 0303
Groepsfiks-heid en *Body conditioning*	NG Kerk Wonderboom (verbrand kilojoules en werk aan ‘n fermer lyf) R170-R180 pm. Aftree Oorde Montana en Twee Riviere (fiksheid-spierversterkingsoefeninge) R80-R100 pm.	Elbé 083 450 9447
ALL 'n MORE TRANSPORT	MEUBELVERVOER klein & groot vragte Skakel ons vir vinnige en flinke diens e-pos adres all.n.more00@gmail.com	012 567 4430 076 217 9519 082 865 0020
Rommel-verwydering en allerlei	Rommelverwydering, ligte vervoerwerk, boomsloping, restourasie, en herspan van riempiesmeubels. Alle prentraamwerk.	Dawie Fourie 082 556 4451 Edith Fourie 082 789 0790
CLE Finansiële Dienste FSP 12700	Beskerming, versekering, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioenfondse, voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektetrusts, aftree beplanning, beleggings beplanning ens.	Carel Hollenbach 082 901 2441
Huiswerk gesoek	Hardwerkende, energieke jong vrou soek huiswerk op Maandag, Woensdag en Don-derdag. Sy handhaaf ook baie goeie Afrikaans en ons kan haar sonder engie twyfel aanbeveel.	Eleanor of Willa 082 880 8346 073 233 7485
Valkyrie Shuttles and Transfers	Vervoer tussen Pta en Jhb Lughawe of enige ander bestemming. Kontak my gerus vir 'n kwotasie.	083 288 7699
PKM Transport	Algemene Meubelvervoer en langafstand. Bokse en verpakkings-materiaal te koop. Skakel Kassie.	0861 111 129 012 524 3111 082454 8159
Spaar/ Beleggings	Benodig u beleggingsadvies? Kontak ons vir hulp met kort-en langtermynbeleg-gings, Geldmark tot Aandele beleggings.	**SA Batebestuur** 012 567 7657
Tina Cowley Leessentrum	STUDIEKURSUS - Gr 4 tot Gr 8. 6 en 7 Maart 2015 R620. Wat gaan ons leer? Om op te som, Leer dmv as-sosiasies en Beplanning. vickymyburgh@yahoo.com	Vicky Myburgh 082 870 6459

Daar bestaan 'n **vakature** vir 'n deeltydse pos vir 'n Finansiële Beampte in die kerkkantoor van NG Overkruin. Die geskikte kandidaat moet oor bewese kennis en ervaring op die gebied van finansies beskik. Kennis/ervaring in die hantering van Mircosoft Excel en Pastel boekhouding-stelsels is verpligtend. Kennis van VIP of Pastel Payrole sal 'n aanbeveling wees. Salaris is onderhandelbaar. Aansoeke sluit op 23 Februarie 2015. CV’s moet teen Maandag 23 Februarie by die kerkkantoor van NG Overkruin ingehandig word. Navrae: 012 567 2177.